**Die Skrifbeskouing van die Israelvisie as aanloop tot die vraag wat van die tien noordelike stamme van Israel geword het?**

**GDS Smit**

## Inleiding

In tye van swaarkry en in tye van moedeloosheid is mense geneig om by dwalings en valse gerusstelings aanklank te vind, omdat daardie groepe meestal die Bybel so interpreteer dat dit "belangegroepe" nader lok. Hulle fokus gewoonlik op die dinge wat vir mense sensitief is en na aan die hart lê, omdat die behoud van ons volk en ons land vir baie van ons Afrikaners uiters belangrik is. Daarom is die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika die ideale broeiplek vir die leer van die Israelvisie onder 'n groeiende deel van die Afrikanervolk.

## Skrifvreemde uitverkiesingsleer

Die verskynsel dat verskillende mense na dieselfde gedeeltes van die Bybel kyk en verskillende interpretasies daaruit haal, noem ons hulle Skrifbeskouing. Die Skrifbeskouing van die Israelvisie is egter twyfelagtig, omdat hulle net sekere verse met ander vergelyk om op die end 'n teorie te ontwikkel oor die uitverkiesing van volke wat vreemd aan die Bybel is.

Die hoeksteen van die dwaling is die opvatting dat die volk Israel van die Ou Testament in die blanke volke (oorspronklik van Europa en vandag oor die wêreld versprei) voortleef en daarom spesiaal deur God uitverkies is.

Die AP Kerk het alreeds tydens sy derde sinodesitting in 1989 sy kommer oor die Skrifbeskouing van die Israelvisie soos volg uitgespreek: "Die sinode wys die Israelvisie se Skrifhantering af, omdat vanuit 'n vooropgestelde fundamentalistiese wyse van die Bybel vir 'n biblisistiese bewysvoering gebruik word onder 'n skyn van vroomheid en Skrifgetrouheid". Die aanhangers van die Israelvisie word bitter moeilik oortuig van hulle dwaling, omdat hulle oortuig is dat hulle interpretasie van die Bybel die waarheid is. Daar kan ook baie moeilik op grond van die Bybelse wetenskap en teologie met hulle geredeneer word, "want", sê hulle "die Gees lei alle kinders van die Here, en nie net teoloë nie".

Dit is waar dat elkeen wat die Here liefhet, die Bybel kan verstaan. Dit is mos een van die belangrike grondslae van die Reformasie. Ons moet egter nie so eiewys wees dat ons dink

ons is altyd reg, sonder om ons standpunt te toets aan die Bybel en dié van ander opregte gelowiges deur die eeue, asook ons belydenisskrifte nie. Daarom is die belydenisskrifte van ons kerk so kosbare skat. Hierin kan ons ons standpunt toets aan dié ware gelowiges wat ons voorgegaan het.

Die Skrifbeskouing van die Israelvisie is voorwaar verdag as dit gemeet word aan ons belydenisskrifte, aangesien ons belydenisskrifte die waarheid van die Bybel bevestig, naamlik dat 'n mens gered word op grond van die volkome soenverdienste van ons Here Jesus Christus alleen, uit genade alleen en alleen deur die Heilige Gees wat die wedergeboorte bewerkstellig (vgl. bv. HK Sondag 20, antwoord 53; NGb. Art. 16; 22).

Die Skrifverklaring van die Israelvisie maak die genade-karakter van die uitverkiesing en die geloof in die soenverdienste van Jesus Christus as die enigste grond van ons saligheid tot niet. Die bewys hiervoor is dat God se uitverkiesing reeds in die Ou Testament daarin gegrond was dat dit 'n daad van sy genade is. In Deut. 7:7 lees ons dat God vir Israel gesê het: Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.

Paulus sluit hierby aan as Hy sê dat Abraham nie deur enige natuurlike verkiesing of verdienste uitverkies is nie, maar deur die geloof in die geregtigheid van God (Rom. 4:13). Dit is ook deur die geloof, en nie deur afkoms of herkoms nie, dat ons toegang kry tot hierdie genade waarin ons staan (Rom. 5:2).

**Wat het van die tien stamme van Israel geword?**

In die lig van die bogenoemde, maak die Israelvisie in hulle Skrifverstaan afleidings oor die tien "verlore" stamme van Israel.

Wanneer mense na die "verlore stamme van Israel" verwys, het hulle gewoonlik die tien stamme van die Noordelike Ryk wat ongeveer 722 v.C. onder Assirië geval het, in gedagte. Hierdie stamme is Ruben, Simeon, Levi, Dan, Náftali, Gad, Aser, Issaskar, Sébulon en Josef (wie se stam verdeel was in die stamme van Efraim en Manasse).

Dit is bekend dat die meeste van die mense van die Noordelike Ryk na die ou Assiriese gebied in ballingskap weggevoer is (2 Kon. 17: 6) deur die Assiriërs, wat hulle laat woon het in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan en in die stede van Medië. Baie van die Jode wat in die land agtergebly het, het ondertrou met die volke wat na die ballingskap in Samaria gaan vestig het (2 Kon. 17:24; Esra 4: 2-11).

Die verlof om terug te keer na Israel is eers in 537 v.C. deur Kores van Persië gegee, sodat die Israeliete wat wou terugkeer na Israel na afloop van die Assiries-Babiloniese ballingskap vry was om so te maak (2 Kron. 36:22-23; Esra 1:3; 2:70; Eség 47:13). Die tien stamme (Noordryk) was dus reeds 200 jaar lank weg uit hulle land, voordat hulle weer kon terugkeer, terwyl Juda (Suidryk) hoogstens 60-70 jaar weg was. Daar was nog onder dié van Juda mense wat kon onthou hoe die tempel gelyk het (Esra 3:12).

Esra 2:64 en Nehemia 7:66 stel die getal teruggekeerdes op 42 360, wat baie meer was as wat net die stam van Juda op daardie stadium kon wees en het dus ander stamme ook ingesluit. Die teruggekeerdes word almal aangespreek as die "huis van Israel" (Neh 9:1). Na die ballingskap is 12 bokke volgens die getal van die stamme van Israel geoffer (Esra 6:17). In Openbaring 7:7 word die geslag van Levi onder die geslagte van Israel gereken, wat geen erfenis in die land Kanaän gehad het nie, en die geslag van Dan word weggelaat. Die rede hiervoor is omdat hulle die eerstes was wat hulle tot die afgodsdiens begewe het, volgens Rigters 18, en die kalwers van Jeróbeam in Dan aangehou het, 1 Konings 12. 2 Konings 15 meld dat hulle om hierdie rede van die eerstes was wat deur die heidene weggevoer was en onder hulle verstrooi gebly het. Die stam van Dan word ook in die terugkeer van die Israeliete, na die ballingskap van Babel, nie meer onder die Israelitiese stamme in die eerste boek van die Kronieke gereken nie, maar wel Levi.

Dit is onlogies om te dink dat na 200 jaar van ballingskap, nadat etlike geslagte al in Assirië gebore is, almal sou wou terugkeer na Jerusalem. Hulle het reeds daar wortel geskiet en gevestig. En volgens die Israelvisie sou hierdie stamme van Israel ná die Assiriese ballingskap migreer het na Europa. Hulle meen bv. die Danube rivier kry sy naam van die stam van Dan. Ander meen dat hierdie stamme al die pad na Brittanje getrek het. Ons het nie al die bewyse waar die tien stamme van Israel vandag is nie, maar die opmerkings hierbo toon genoegsaam aan dat hulle nie "verlore" is nie, en dat hulle bes moontlik na die ballingskap

deel van die Joodse volk gebly het. Daar is dus histories en Bybels geen bewys dat die tien stamme van Israel vandag in die Afrikaner voortleef nie.

**Samevatting**

Die Israelvisie verkondig 'n valse idee van die uitverkiesing van Westerse volke, wat in stryd is met die leer van die Bybel dat God die mens nie op grond van persoon nie, maar op grond van sy genade verkies (Rom. 2:11). Die Israelvisie is 'n valse godsdiens wat die genade van ons Here Jesus Christus en die verslossing deur sy soenverdienste alleen verwerp.